LÉÉF TYDSKRIF
OP MAAT VAN MUSIEK
Artikel: Jacqueline Leuvennink
2006

Ná bykans dertig jaar in die bedryf, bekoor Laurika Rauch steeds gehore met haar stem wat soos ‘n fluweelhandskoen om fyn gekose woorde pas.

TOE sy ‘n kind was, het Laurika se pa eenkeer in Worcester se wingerdwêreld stilgehou, ‘n druiwekorrel gepluk en dit teen die son gehou om vir hulle te wys hoe die lig daardeur val.
Luister jy vandag na sy dogter, is dit ook of sy enkele goed ge-``plukte`` woorde teen die lig vir ons kom hou. Woorde wat begin gloei sodra haar stem daarom vou.
Gehore bespeur iets ingetoë, byna melankolies in haar deurleefde vertolking van ou-ou liedjies met verhale van lewenswel- en wee. Maar in die drie tot vier minute wat ‘n liedjie duur, kom maak sy ‘n hele wêreld voor jou staan. Bedrieglik eenvoudige woorde vertel van boere-ooms en -tannies wat oor ‘n koppie koffie praat van die reën. Of aardskuddende wêreldgebeurtenisse soos dié by Nagasaki en Auschwitz. Maar wat die onderwerp ookal is, syfer daar uit elke liedjie iets van die patos van mens-wees tot in die buitehoeke van jou hart.
Ons eerste kontak is per e-pos. Sy vra verskoning dat sy nie vroeër kon reageer nie. ``Ek het Saterdagaand ná twee weke se konstante repetisies en opnames voor ‘n gehoor die opnames vir my eerste (en enigste) DVD klaargemaak. Sondag het ons ‘n familiefees by ons aan huis gehou om my ma se verjaardag te vier. Daarna het ek Maandag begin slaap en ek kon sedertdien nog nie ophou nie!``
As dit by werk- en familiesake kom, gaan sy al die pad, verneem jy later. Teen die tyd dat sy haar op die verhoog waag, is ‘n liedjie sorgvuldig glad geskaaf, pas haar stem soos ‘n fluweelhandskoen om die woorde.
Maar ná bykans dertig jaar in ‘n veeleisende bedryf weet sy ook wanneer om haar kamerdeur op knip te sit en haar saam met haar kat op die bed op te krul.

Ons ontmoet in ‘n Kaapse gastehuis. Laurika moet later die week optree en ons skuif weg van die kaggelvuur. Sy moet nog weer uit in die koue aandlug. Om daardie bekende wildeheuning-en warmmelkstem op te pas, is teen dié tyd ‘n leefwyse. Dis ná alles een van die grootste trekpleisters in die Suid-Afrikaanse ligtemusiek-wêreld.
By ‘n optrede in Bloemfontein het ‘n resensent eenkeer gesê die Callie Human-saal het later nie meer ‘n dak gehad nie. Ander onthou weer die aand in Centurion toe die skare van 12 000 ‘n Meksikaanse golf begin het. En orals sing gehore saam aan liedjies wat danksy haar deel van die Afrikaanse kollektiewe geheue geword het.
``Ons gehore is baie vergewensgesind,``is haar kommentaar. ``Ek voel nooit bedreig nie.’n Lewendige, selfs effens raserige groep is lekker omdat dit my daaraan herinner dat ek vir ménse sing, nie vir ‘n anonieme donker massa nie. Mense wat verkies om dinge tjoepstil te beleef, is weer soms juis jou waarderendste groep.``
Laurika bly ‘n soeker na vernuwing, een wat dinge nie te nou afgrens nie maar steeds wyer bly beweeg. Waar sy optree saam met ander, jonger kunstenaars soos Vusi Mahlasela ``steel`` sy van hul kreatiewe energie sodat sy nie bly vassit waar sy laas opgehou het nie, verduidelik sy.

By die Volksblad Kunstefees vanjaar is haar aanhangers weer verras toe sy die verhoog gedeel het met ‘n groep kunstenaars wie se liedjies deels danksy haar wegholtreffers en volksbesit geword het. Bekende liedjiemakers soos Coenie de Villiers, Valiant Swart, Lucas Maree en Anton Goosen het saam met haar hul eie liedjies gesing. En die toejuiging wou weer eens nie gaan lê nie.

``Dit was ‘n sonderlinge ervaring om skielik sáám met iemand soos Koos Kombuis of Lise Beekman `Lisa se klavier ` of ` ‘n Sonneblom uit Bethlehem` te sing,`` probeer sy haar gewaarwordings verwoord. ``Niemand behoort so gelukkig te wees om in een leeftyd meer as een keer daardie fyn, dun lug in te asem waar jy met van die land se opwindendste musikante saamspan nie.``

Sy is ook opgewonde oor die werk aan die DVD, LAURIKA RAUCH: GROOTSTE TREFFERS *LIVE* wat die enigste lewendige opname van haar musiek is. ``Dit is werklik verteenwoordigend van hoe ek op die verhoog klink. Dis net so anders as in ‘n ateljee. Op die verhoog hóór jy die adrenalien bruis en die gevoel kom soveel beter oor. Dis in ‘n mens se asem…``

Buite haar bekende kring trap die diva van die Suid-Afrikaanse liedjiewêreld suutjies met woorde. Sy is bekend daarvoor dat sy haar nie sommer laat ken nie. Haar liedjies moet maar die praatwerk doen. Af van die verhoog is sy terughoudend oor enigiets wat ná aan haar nerf kom. En waarskynlik net te uitgeslape om cliché’s te pleeg.

``Dis dertig jaar van vrae en antwoorde, weet jy? `` kom die verweer toe ek haar daarna vra. ``Ek kan nie meer interessant wees nie. Ek het net sóveel antwoorde, is ook nie ‘n pittige persoonlikheid wat voortdurend wonderlike goed uitdink nie.`` Sy trek haar tjalie digter om haar skouers, wag vir my om weer die volgende skuif te maak.

Iets in die gebaar herinner my aan toe ‘n joernalis haar wou uitlok om oor haar sogenaamde ikoonstatus uit te wy. Laurika het korte mette daarmee gemaak met ‘n eerlike: ``ek is net so onseker soos enigiemand anders….``

. ``Ek het gelukkig ‘n lang, lang tyd tot op 29 gehad om redelik anoniem te wees, ``dink sy terug aan haar skielike bekendheid met Kinders van die Wind.``En my pa het my geleer ‘n mens moet maar die hitte in die kombuis kan verduur. Jy oefen gelukkig om dit te hanteer terwyl jy nog jonk en veerkragtig is.

Hierdie oud-Kapenaar wat so broosmooi sing van ‘n ``huisie by die see`` soek glad nie na een nie. Die huis wat hulle ‘n paar jaar gelede met ‘n uitsig op ‘n vallei in Pretoria gebou het, is so lekker dat dit vir haar voel ``soos om heeljaar vakansie te hou.`` Dis vir haar trouens dié moeilikste ding van haar werk dat dit haar soms van haar huis en huismense af wegvat.

Sy is ‘n intens estetiese mens , een wat by gebrek aan woorde sommer begin om die uitleg van die huis en tuin op ‘n papiertjie te teken: ``Dáár is die stoep wat op die vallei uitkyk en waar die meeste dinge in ons huis gebeur, hier ‘n paar sipressies, daar ‘n suurlemoenboom….niks aardskuddends nie. Maar dis vir my lekker om daar rond te peuter.``

Op die oomblik is hulle almal tot haar vreugde weer tydelik onder een dak. Simon (24) doen videoredigering en Nina (19) skilderkuns. Haar ``Engelse karoo-boerekind``-man, Christopher Torr, voorheen professor in Ekonomie, skryf baie van die lirieke en musiek van haar trefferliedjies soos onder meer *Die Gang, Hot Gates* en *Stuur groete aan*

Mannetjies Roux. Laasgenoemde is deur ‘n vriend as ‘n ``fundamentele`` liedjie bestempel omdat dit so die regte snare in die Afrikaner-psige ráák boor.
``Chris is ‘n wonderlike man. Slim-snaaks. ‘n Ekonoom wie se krag daarin lê dat hy ook met min woorde baie kan sê. Dit het oor die jare net meer ontwikkel. Hy glo ‘n mens moet eie lewensondervinding na die tafel kan bring.
``Wat myself betref, dink ek daar het tog in die dertig jaar ook iets ontwikkel - want ``I am basically just a chorus girl, dear``. Jy ontwikkel oorlewingsmeganismes soos jy ouer word. Waar ek voorheen dinge geweldig persoonlik sou opneem, kan ek nou makliker aan beweeg. Daar is baie dinge in my lewe waaraan ek behoort te werk. Dit sou my heeltyds kon besig hou. Gelukkig tog vir familie en vriende wat jou geestesgesond help hou. ‘n Meer geestelik ingestelde lewe help natuurlik ook. Ek het in my loopbaan telkens ervaar dat ‘n Hoër Hand die beste sakebestuurder is as jy by kruispaaie kom. Dis vir my op daardie gebied ook ‘n voorreg om saam te werk met Louis Brittz as regisseur en verwerker. Hy skryf wonderlike liedjies en ek leer baie by hom.``
En as jyself regisseur speel? wil ek van haar weet. ‘n Lag borrel onverwags op. ``Dis nié my sterkpunt nie. Ek moet regtig begin nee sê want ek voel totaal en al onbevoeg!``
``Alles behalwe!`` sê Illse Roos ‘n paar dae later. Laurika het die regie van haar Blou Kafee behartig. ``Laurika is dié *mama* van Afrikaanse musiek. Ek en baie ander put uit haar wysheid en integriteit. Sy is ongelooflik empaties. Jy voel veilig, asof daar ‘n net rondom jou is as sy met jou werk.``
Ek bel vir Louis Brittz hoor weer van die sensitiewe, fyn manier waarop sy met ander werk en die respek wat sy orals in die bedryf afdwing deels omdat sy ander ook so respekteer. ``Sy sien haarself glad nie as die belangrike skakel wat sy is nie. Sy is eg met wat sy doen en is op en van die verhoog af presies dieselfde. As jy met haar saamwerk, kom jy op ongelooflike goed af.``
Ek dink weer aan haar effens terughoudende, versigtige antwoorde. En hoe sy skielik geanimeerd begin gesels het oor haar werk in die ateljee, die toon van ‘n noot, die werking van die menslike stem, van hoe ‘n oop keel tot ‘n kleintongetjie op ‘n gegewe moment ‘n spesifieke klankkleur kan laat ontstaan.
Ek was in aanraking met ‘n ``lig wat skyn maar die vlam is delikaat en fyn.``*
*(uit Die Gang deur Christopher Torr)